Wêreldbiddag vir Vroue 2020

"BID GEDURIG"
"PRAY AT ALL TIMES"

Riglyne vir die leier

Liewe Leier / Koördineerder

November 2019

Ons groet jou in die magtige naam van Jesus Christus, ons Verlosser! Die Wêreldbiddag is 'n wêreldwye, ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en kinders, wat jaarliks bymekaarkom om 'n besondere dag van gebed te vier. Regoor die wêreld (in 176 streke en lande) word dieselfde tema gevier, met dieselfde formaat erediens. Dit bevestig dat, ongeag waar in die wêreld ons woon of watter taal ons praat, ons almal een is in God. Dit is ongelooflik om deel van so 'n magtige gebedsketting te wees!

Baie dankie dat jy bereid is om die diens vir 2020 in jou kerk of gemeenskap te organiseer. Dit is inderdaad 'n baie spesiale jaar, aangesien ons die 90ste verjaardag van die Wêreldbiddag vir Vroue in Suid-Afrika vier. Ons is ook gasheer vir die Afrika-Konferensie, wat DV in Oktober 2020 in Kaapstad gehou word. Ons vertrou dat jy geseënd en geïnspireerd sal wees met al die voorbereidings. Doen asseblief iets spesiaal om hierdie mylpaal te vier, soos bv. 'n spesiale verjaardagkoek, spesiale boekmerke, kerse, ens. Stuur asseblief foto's, en vertel ons van jul spesiale feesvieringe!

Die program vir die diens is saamgestel deur die skrywerland (Zimbabwe), onder leiding van die Internasionale Komitee. Die Programkomitee van Suid-Afrika het dit aangepas vir Suidelike Afrika se unieke omstandighede. Die program dien as riglyn in die beplanning van die aanbiddingsgeleentheid. Dit is nie 'n rigiede program nie, en u is welkom om aanpassings te maak om die styl van aanbidding, liedere en behoeftes in u omgewing te akkommodeer.

1. ***VOORSTELLE VIR DIE AANBIEDING VAN DIE TEMA*: "Staan op! Neem jou slaapmat en loop."**
   - *Kyk na "Voorbereiding" op p. 3 van die Program.*
   - *Voor in die kerk: 'n Tafel, gedrapeer in die kleure van Zimbabwe se vlag (groen, geel, rooi, swart en wit). Stal 'n vlam-lelie, musiekinstrumente, handwerk en inheemse kos uit, soos op die program aangedui.*
   - *'n Groot sisal- (garingboom) of rietmat voor die tafel sal ekstra atmosfeer gee.*
   - *Maak kaartjies in die vorm van klein matjies waarop die vrouens hul voornemens van liefde, vrede en versoening gedurende die Oordenking kan neerskryf. Hou potlode gereed. U kan besluit of elkeen sy eie kaartjie hou, en of die diakens dit moet inneem en voor die Dankoffer-gebed op die mat voor die altaar/tafel moet neersit.*
   - *Maak die storie lewendig in jul eie konteks, met klem op die uitbeelding van liefde, vrede en versoening in die familie, werkplek, kerk, gemeenskap en wyer.*
   - *Skep genoeg geleentheid vir persoonlike gebed en fokus ook op paaslike behoeftes gedurende Spontane Gebed.*
   - *Die Power Point en Musiek-CD is beskikbaar om ekstra agtergrond en atmosfeer aan die diens te verleen.*

2. ***KUNSWERK OP DIE VOORBLAD: "Staan op! Neem jou slaapmat en loop."*** *(Kunstenaar Nonhlanhla Mathe)*:
"Die kunswerk beeld verskillende mense in die gemeenskap se lewe uit. Die boonste deel van die agtergrond, van regs na links stel 'n oorgang van 'n moeilike, donker verlede as 'n nasie, na 'n meer voorspoedige en belowende toekoms voor. Die onderste groepering is meer 'n uitbeelding van liefde, genesing en versoening, soos geïnspireer deur die storie in Johannes 5:2-9a. Die fokus op plantegroei wys na die potensiële ekonomiese produktiwiteit, aangesien die ekonomie op landbou gebasseer is. Ek het gefokus op die abstrakte en semi-abstrakte uitbeeding van figure, met baie tekstuur en kleur. Ek word baie deur mense se lewens geïnspireer, die manier hoe hulle by mekaar aanklank vind, en die manier hoe hulle sake beskou. Omdat ek 'n vrou is, fokus ek hoofsaaklik op vroue. Bemagtiging word ook in die kunswerk uitgebeeld."

3. ***BEMARKING***
Die Biddag moet so wyd as moontlik in werkspekke, Laer- en Hoërskole, Bybelstudiegroepe, damesontbyte, aftree-oorde, ens aangebied word. Adverteer hierdie geleentheid asseblief wyd en syd.

4. ***FINANSIES***
Kollektes wat opgeneem word, is die enigste bron van inkomste vir die Wêreldbiddag, en ons versoek u om dit asb aan die Nasionale Kantoor oor te betaal. Die Wêreldbiddag betaal donasies aan instansies in verskillende provinsies, soos besluit deur die Nasionale Komitee. Dit word jaarliks namens al die vroue van die Wêreldbiddag uitbetaal, wat ons eenheid in Christus bevestig. Omdat die kontantfooie deur banke so hoog is, vra ons mooi dat u, sover as moontlik, internetbetalings doen.

Indien jy enige navrae het, kontak ons gerus by die kantoor (011-975 4598)
Of stuur 'n epos na wwdp@telkomsa.net / Webtuiste (www.wwdp.co.za)